


# Nomades Voetslaanklub Roeteterugvoer BokKraalWaterval Vallei

Koster/Swartruggens

15 (Saterdag)-17 Junie(Maandag) 2019



Estee Viljoen, Pieter Claassens,  
Magda Grobler, Everdt  
Combrink, Paul Snyman,  
Christie Redelinghuys, Elsabe  
During, Corrie du Preez, Thys  
Schmidt, Jan du Preez, Norma  
Grotius, Celeste Birch, Glenn  
Foord, Johan Celliers,  
Charmaine Foord, Marius




Stander stap saam. Adele en Dominique kon dit ongelukkig nie maak nie. Lucy en Theuns kom ook saam en kuier by die kliphuisie en een aand saam met ons, maar stap nie saam nie.

Vrydag ry 'n paar motors 'n alternatiewe roete deur die Swartruggens tolhek en slaap elders heerlik oor en stop Sateroggend op Groot-Marico by die Algemene handelaar waar o.a. 'n mop, kampstoel en tandeborsel gekoop word. Daarna na die Herman Charls Bosman museum en inligtingskantoor waar mampoer geproe word (en gekoop word) met pink pilletjies en al om die geur te probeer verdoesel daarna. Ons het nie een van die 4 drankwinkels, hotel of kerk besoek nie. Dan na die 'Wag'nBietjie' kuierplek waar 'n klompie van ons middagete geniet. Dit is ook die plek waar die



plaaslike boere met die groot bakkies, groot boepies en 2-kleur hemde bymekaarkom vir kuier.

Dan die sowat 26km agterpad grondpad wat nogal 'n uitdaging was met




sy sleg toestand plek-tot-plek, maar ons maak dit tot by die kamp.

Tien persone bly in die groter steengeboude Bremerhuis, met sy 3 slaapkamers (slaap 6) en 4 slaap in die sitkamer. Daar is darm ook 'n heerlike sitkamerstel ook in die groot sitkamer. Alles baie netjies. Heerlik met sagte beddens, warm beddegoed en krag. Goed toegeruste kombuis met 'n wispeltierige ketel. Twee badkamers. Die swembad is leeg, maar ek dink nie baie van ons sou die koel naweek geswem het nie. **Ses persone slaap in die twee houthuise** wat blykbaar ietwat minder warm as die huis was, maar 'n baie mooi uitsig het, met ook volledig toegeruste kombuise en sitkamertjies. Die A-raamhuisie en Rheeboekhuisie is nie tans beskikbaar vir stappers-verhuring nie.



Saterdag middag daag almal so stuk-stuk op by die kamp. Die aand braai ons saam. Sondagdag oggend net na 8 word die groepsfoto voor die houtchalets geneem, nadat die Bremerhuis stappers die entjie, sowat 'n km ingestap het. 'Comfort', die plaaslike gids ontmoet ons daar en stap saam aangesien die roete nie mooi oopgesny en duidelik gemerk is nie op voorstel van die eienaar. Die ryp/ys lê op die gras en die motors. Dit is koel. Ons begin met roete wat tans geel gemerk is. Deur die hek, op met die pad en verby die begraafplaas waar die Mokaleng's en ander rus. Dan nog op en later links afdraai op 'n bos-paadjie. Deur nog 'n hek en dan daal ons redelik steil. Mooi trap om te nie te gly op die los tipe leiklip en ander nie. Grasvelde met 'n verskeidenheid mooi uitsigte op bos-begroeiende hange en kranse/riwwe wat uitsteek.



By die rivier gekom so 9h30, bietjie dagsakkies afgehaal en versnapperings geniet. Dan al langs die rivier in die kloof. Rotshange met plante en blomme wat oral hang. Lekker beskutte bos. 10H00 by die 1ste rivierkruising. Comfort en 'n paar ander help ook mooi dat almal darm redelik droogvoets oorkom.



Steeds in die kloof, al deur die bosse, en verby oorhange en klein grotjies waar wie-weet-wat alles moontlik sou kon bly.

Dan die volgende riviekruising 10h15. Die water is wyd, maar baie vlak en dis nie nodig om skoene uit te trek nie. Trap maar net net fyn om nie te gly nie en trap vinnig waar dit bietjie dieper is. Bietjie op weer, neem 'n blaaskansie in die bosse en dan deur 'n lang popelierbos. Dan weer oor die riviertjie. Sommige neem hier hul 11h00 middagete, aangesien ons nou net 'n klipgooi van die





kamp is. Ons lê so 20 minute of wat hier. Dan aangeweeg, oor die stroom waar Comfort sommer so balanseer oor 'n groot stomp loop, die res van ons is maar meer versigtig en gaan maar onder oor die klippe oor die waters.

Weer n stoppie hier waar die ander gewag het. 'n Kort entjie later, deur die



bamboesbos, is ons by die unieke van die stap gekom, die Tufa valle. Wat oor tyd met 'n kalsium neerslag 'opbou'. Nou 'n Steil maar kort Bultjie op,



oor 'n klipplaat en dan is ons by die piekniekterrein bo by die waterval. Hier is ook 'n klein lapa en swembadje. Dit is ook net onder die twee houthuisies. So tussen 7 en 8 km gestap vir die oggend.



Almal haal dagsakkies af en ons almal kuier sommer net bietjie hier vir 'n tydjie. Hier is ook 'n paar houttrappies af na klein uitkykdek wat op die boonste deel van die waterval afkyk. Mooi en besonders. Ook 'n ablusie plekkie met 'n mooi uitsig. Ons Bremerhuis groepie stap oor die bruggie,



op met die 'bos-paadjie', deur die hekkie en verby die plaasopstal lekker styl af tot by ons huis.

Later die middag/aand Jan soek 'n kruiwa, Chistie deel sout-koekies uit, braaivleis vure word gestook, kuiervuur word begin (in die kruiwa). Johan skink 'doppies' Marico-perske mapoer, die OBS bottel en shokolade word ook omgestuur. Ons bewonder die mooi maan. Later raak dit nog koeler buite en ons trek in die sitkamer in. Elkeen kry 'n plekkie daar tot na 21h00 geskuier. Lucy en Theuns kom kuier ook vir ons en braai saam. Tamaties en Lemon Creams word bespreek. Kolwyntjies word uitgedeel.

Maandag oggend, die 17de Junie, ons 2de stapdag. Sowat 3km stappie. Die Bo en Onderdorpers ontmoet mekaar in die bos en Comfort vind ons ook. 'n Ligte oppie, af tot by die grasdak stoor, links met die pad (moet nie die geel spoor volg nie), op die duidelike paadje en af van die duidelikpaadje, die bos in, pad word hier stuk-stuk oopgekap deur Comfort, mooi uitsigte, heerlike bos. Versigtig klim oor die vervalle stukkende bruggie oor die stroompie. Hier en daar is bruin merkers en dan ook geles. Tot in die pad, oor die damwalletjie. Die houthuisers draai hier en af en ons Bremerhuisers gaan nog 'n entjie aan. Christie het nie saamgestap vandag nie en by die Bremerhuis die verjaarsdagkoek en drinkgoedjies voorberei om Paul se 16?de verjaardags te vier. Heerlik gekoek en vonkelwyn nadat die kersies uitgeblaas is.



Dan maar inpak en die pad terugneem. Sleg grondpad met stukke. Net voor die Swartruggens/Koster teerpad, na sowat 22km grondpad kry Jan en so 2km later ook Celestes skade met gesnyde bande van die klippe. Hulle is gou gehelp om weer te kan ry. Sommige stop in Magaliesburg by Wimpie vir middagete en so is almal teen 16h00 se kant darm veilig tuis by hul onderskeie huise.



'n Stap, maar amper meer van 'n Kuier-naweek weg saam met ons stap-familie.

Ons het bespreek via Anvie Ventures. [www.AnvieVentures.co.za](http://www.AnvieVentures.co.za)  
[info@AnvieVentures.co.za](mailto:info@AnvieVentures.co.za) 044 696 6585.

Finansies :

- Uitbetaling: R9004
- Bremerhuis R1800/huis/nag(slaap10)
- Houthuisex2 R900/huis/nag(slaap4)
- Kliphuisie R500/huis/nag(slaap2)
- Via Anvie Ventures : R8250
- Brikette(4x4Kg) en aanstekers : R124
- Hout word daar voorsien.
- Krediet R35 per persoon terug (Bremer+Houthuise) : R630
- Inbetalings: (Ons vra R450 per lidx12 en R480x6/nie-lid)
- 12 Lede, 8 Nie-lede. R9380
- Projek Surplus: R376.00 (4.18%)



Stapgroete, Marius Stander,  
Vir Nomades Voetslaanclub.

[MariusStanderPta@Gmail.com](mailto:MariusStanderPta@Gmail.com)

[www.Nomades.co.za](http://www.Nomades.co.za).

(2019/07/02 Met uittreksels uit Corrie se roete-terugvoer op die 2019/07/02 Klubaand).